HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

2 Februarie 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

'Airplane' Mode

2 Februarie 2025 @ 09:00

Eksodus 3: 1-14

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is,
die leraar(s) wil jou graag ontmoet. Kom maak asb. kennis, na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal.
(By die hoofingang.)

Kontak gerus ook vir Annalize in die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za onder EK WIL -> LIDMAAT WORD) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kan kontak maak.
Neem gerus ook 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens

Hoogland het vanoggend die voorreg om drie babas te doop:

- Ava–Rae Beukes dogtertjie van Tian & Natasha
- Jacques Abraham du Preez seuntjie van Jacques & Tilana
- Joubert Smit seuntjie van Juan & Carla

10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: SIM

Program vir die week

Maandag: 3 Februarie
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Dinsdag: 4 Februarie
18:00 Doopkursus

Woensdag: 5 Februarie
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:30 WOW

Vrydag: 7 Februarie
05:15 Mannebediening

Saterag: 8 Februarie
10:00 Dorings & Daisies

Hoogland Dankoffers

... daardeur gaan ons geloof deur liefde tot dade oor

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Buffelsfontein etekaartjies

Hoogland wil graag voortgaan om ete-kaartjies vanuit die gemeente te borg.

U is welkom om direk met Buffelsfontein reëlings te tref hieroor (041 368 8434 - praat gerus met Christa) of maandeliks 'n donasie in Hoogland se rekening in te betaal met die duidelike verwysing: ***BFontein etes***

Etekaartjies kos ongeveer R35 / ete.

Hoogland betaal reeds maandeliks die beskikbare bedrag, vir etekaartjies, oor.

Baie dankie vir elkeen wat reeds op 'n gereelde basis 'n bydrae maak ten opsigte van etekaartjies.

"SAVE THE DATE" - *Divorsce Care* begin 15 April @ Hoogland

Navrae: kontak die kerkkantoor of gesels gerus met Aletheia Botha

Walmer

Find hope and healing through

DIVORCE Care

Thursdays, 30 January - 17 April 2025 | 18:00-20:30

Going through a separation or divorce can be one of the most difficult experiences of your life. But you don't have to go through it alone. DivorceCare is here to help you find hope, healing, and support on your journey toward recovery.

This 12-week course is designed to provide a safe, caring environment where you can connect with others who understand what you're going through. Led by experienced facilitators, DivorceCare offers practical tools, emotional support, and Biblical insights to guide you through the pain and into a place of renewal.

Doopkursus @ Hoogland

Alle ouers of voornemende ouers word daaraan herinner dat 'n 4 weke Doopkursus verpligtend is voor jy by Hoogland kan doop. Indien jy dalk iewers gedurende 2025 wil doop, is jy welkom om solank die kursus te kom bywoon.

Die volgende Doopkursus begin eerskomende Dinsdag, 4 Februarie om 18:00. Kontak asseblief vir Ds Sunell of Annalize in die Kerkkantoor om in te skryf.

sáám op soek na geleefde wysheid oor:

KODERING/ROBOTIKA/AI/ KUBERVEILIGHEID/ENS

18:30 - 20:00 @ Jeuglokaal, Hoogland (1 Isobellaan, Charlo)

(**Koste: R50** pp/geleentheid - Wyn/Koffie & peuselhappie ingesluit)

MOET Bespreek by 079 815 9325 WhatsApp jou naam & hoeveel persone

22 Januarie
Kodering & Robotika - waaroor gaan die bohaai in elke skool?
Prof Jean Greyling

29 Januarie
'Artificial Intelligence: Friend or Foe?'
Prof Bertram Haskins

5 Februarie
'The Impact of Technology on Healthcare'
Dr Sue Petratos

12 Februarie
'Staying Safe in the Digital Age: Cybersecurity Tips' – Prof Lynn Futcher &Prof Kerry-Lynn Thomson

Wyn op Woensdae

5 Februarie 18:30 @ Jeuglokaal

TEMA vir die aand:

"Die impak van tegnologie op ons gesondheid"

Enige iemand is welkom – jy moet net bespreek. Stuur 'n WhatsApp met jou naam en hoeveel mense na 079 815 9325

Uit die hart...

Elizabeth Barret Browning het 'n bekende gedig geskryf oor Eksodus 3:

"Die aarde loop oor van die *wonder van God*.
Elke braambos vlam van God se teenwoordigheid.
Maar net hulle wat met verwondering *kyk*, sien dit raak, en trek hulle skoene uit.
Die res sit niksvermoedend op die heilige grond en brame eet."

Eksodus 3 is een van die mees aangrypende gedeeltes in die Bybel waar God Homself aan Moses bekend maak deur die brandende bos. Moses is besig met sy daaglikse werk as herder toe hy die brandende bos sien. Dit was 'n gewone dag, op 'n gewone plek, maar God maak dit buitengewoon deur Sy teenwoordigheid. Ons kan dalk dink dat God net in groot, dramatiese oomblikke teenwoordig is, maar Eksodus 3 wys vir ons dat God die alledaagse ontmoetings gebruik om Homself aan ons te openbaar.

Ons word geroep om met nuwe oë na ons daaglikse lewe te kyk en te besef dat God ook daar teenwoordig is. Die oomblikke waarin ons kinders se lag hoor, wanneer ons met 'n vriend 'n diep gesprek voer, of selfs wanneer ons stilte beleef - dit kan alles heilige oomblikke wees.

Heilige oomblikke waar ons tot stilstand kom en ons verwonder oor God se karakter, die diepte van Sy wese (wie God is) en Sy werksaamheid (waar God reeds besig is).
Wanneer ons in verwondering voor God staan, verander dit hoe ons leef:

- Ons benader die lewe met 'n groter bewustheid van Sy teenwoordigheid.
- Ons eer God deur hoe ons optree en ander mense behandel.
- Ons leef met hoop, want ons weet Hy is "Ek is" - altyd met ons.

Mag ons as geloofsfamilie, soos Moses, onsself toelaat om te stop, te kyk en te besef dat ons in die teenwoordigheid van 'n heilige, getroue God leef. Mag ons in *verwondering* staan oor wie Hy is en hoe Hy werk - selfs in die klein alledaagse oomblikke van ons lewe. Mag ons geloof oorgaan tot dade.

Groete ... Ds Sunell

Hoogland Bedieninge

Hoogland Bedieninge

Hoogland MANNEBEDIENING

Vrydagoggende 05:15

Manne - indien jou hart warm klop vir die Here kom word deel van "Hoogland Manne"!

Kom drink gerus lekker koffie saam met die manne - Vrydagoggende in Hoogland se Jeuglokaal (gebou agter kerksaal)

GEMEENTEKAMP 2025

21 - 23 Maart 2025
te Innikloof (naby Hankey)

Kampkostes
SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar :
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325
... dit is 'n langnaweek as jy langer wou kamp

Gee ons vandag ons daaglikse brood ....

Toebroodjie Bediening

Hoogland bedien daagliks tussen 20 - 30 persone met toebroodjies.

Indien jy wil deel wees en help broodjies smeer kontak gerus vir Annalize in die Kerkkantoor.

Gesmeerde toebroodjies (met bv polonie/ham/konfyt/marmite/ens) moet reeds verpak wees met 2 broodjies in 'n sakkie.
Dit kan daagliks by die kantoor afgegee word.